DAG 27

’n Salwing wat die juk breek

Lees Matteus 11:25-30.

In dié tyd sal Hy die las verwyder wat hulle op julle skouers gelê het, en ook hulle juk van julle nek af; die juk sal heeltemal van julle afgeruk word (Jes. 10:27).

Jesus kon na mense kyk en hulle sien soos hulle werklik was. Hy kon sien wat diep in hulle hart aangaan. Daarom het Hy dikwels na mense gekyk en hulle innig jammer gekry. Hy het geweet wanneer hulle gebuk gaan onder laste, sorge en die probleme van die wêreld. Dit was asof daar ’n juk op hulle nek geplaas was wat te swaar was om te dra.

Wanneer die Bybel praat van ’n juk, verwys dit altyd na laste wat vir mense te swaar is om te dra. Jesaja voorspel dat daar ’n olie oor lewens gegiet sal word wat die swaar jukke sal laat afgly. Die Here wil elke mens bevry van al die dinge wat ons moedeloos maak. Sy olie laat nie net die juk afgly nie, maar bemagtig ons ook. Jy kan opstaan en

die uitdagings van die lewe aanvaar. Jy kan immers deel hê aan die volheid van die Here as jy toelaat dat sy salwing jou lewe oorstroom. Hy spesialiseer in die bonatuurlike. Hy kan ons vrymaak van die probleme waaraan ons vasklou en wat ons dikwels oorweldig. Laat die Heilige Gees toe om in jou lewe oor te neem en ervaar hoe sterk jy word in die Here.

Here, ek gee myself aan U oor. Ek laat elke swaar juk afgly terwyl ek plek maak vir u olie in my lewe. Salf my vandag opnuut.

Aantekeninge: